LAERSKOOL KRUGERPARK

DURF AAN EN VOLHARD

# ***SKAAKBELEID***

1. Inleiding

   Skaak kan beskou word as 'n karakter bouende spel omdat die lewe self soos 'n skaakbord is. Jy moet die feite onder die oë sien, jy moet beplan, besluite neem en leer om die gevolge van jou besluite te aanvaar. Deelname aan mededingende skaak is die ideale manier om eienskappe soos selfbeheersing, deursettingsvermoë en sportiewe gesindheid te ontwikkel. Dit leer ons jongmense om in 'n uiters mededingende wêreld welslae te behaal, om wedywering te verwag en doeltreffend te beplan om dit die hoof te bied. Hul moet tot die uiterste toe strewe na die verwesenliking van hul doelwitte, maar om ook as waardige verloorders uit die stryd te kan tree. Skaak oefen die intellek, bevorder die skeppende denke en die vermoë om langdurig te konsentreer, wat 'n kind behoort te help om sy akademiese prestasies te verbeter.

2. Deelname

   Skaak is 'n oop-aktiwiteit. Alle kinders is welkom. Verkieslik hoe jonger hoe beter. Afrigting vind klassikaal plaas. Indien die hoeveelheid kinders dit toelaat, word die leerders in beginners-. Middel- en A-span spelers groepe verdeel.

3. Afrigtingstye

   Maandae middae van 15:00 tot 17:00 word Skaak afgerig. Leerders kan die volle tydperk kom of 'n keuse tussen die twee ure uitoefen. Afhangende van hul ander verpligtinge.

4. Jaarprogram

   'n Jaarprogram word jaarliks aan die einde van 'n jaar ontvang vir die volgende jaar se provinsiale proewe. Slegs leerders wat in die A-span of 'n sekere standaard spel handhaaf, word vir die kompetisies te Pietersburg geneem. Skole reël ook onderling hul eie kompetisies waarheen leerders per bus geneem word.

5. Fondse

   5.1 Kompetisie deelname

   Skaak is 'n redelike duur aktiwiteit. Aan die begin van die jaar moet elke speler wat aan die proewe wil gaan deelneem, as SA-lid registreer asook as proewe speler. Fondse verskil jaarliks.

   Om aan elke wedstryd deel te neem behels inskrywingsgelde wat bepaal sal word. As in ag geneem word dat leerders busgeld, inskrywingsgelde en sakgeld vir die dag nodig het, is dit te verstande dat net die leerders wat moontlik belangstel en werklik in 'n kans staan om Limpopo kleure te verwerf, belangstel om te gaan speel.

5.2 Algemene deelname – tydens oefening.
Geen fondse word vanaf die leerders verhaal nie.

6. <u>Begroting</u>
Begroting word jaarliks ingedien vir die aankoop van horlosies en skaakstelle. Die bedrag is onderhandelbaar indien 'n groot insamelingsprojek aangepak wil word. 'n Fondsinsamelingsprojek kan ook geloods word.

7. <u>Bevordering van die spel</u>
Daar moet jaarliks Januarie 'n brief uitgestuur word aan ouers wat die spel bekendstel.

8. <u>Prysuitdeling</u>
Skaak is 'n spel wat nie werklik ouderdoms gebonde is nie. Deur die jare is bewys dat 'n veel jonger persoon as nr. 1 kan uittree.

Twee Trofees is beskikbaar:
- Vir die Nr. 1 speler van die skool as beste skaakspeler.
- Die speler wat die beste presteer het deur die jaar.

Indien geen prestasies plaasgevind het nie word slegs die Beste Skaakspeler beker oorhandig. Hierdie trofee word op 'n rondomtalie uitklop-basis beslis. Leerders wat in aanmerking vir die beker kom, speel beste uit drie stelle teen mekaar – op die boonste 5 rangorde leer soos deur die jaar opgestel is.

9. <u>Algemene beginsels vir Skaak</u>
(Word ook jaarliks aan die leerders voorgehou as skaak reëls)
- Speel altyd om die middel van die bord te beheer beset, val aan en hou die middel dop, die kante en hoeke is dood.
- Ontwikkel stukke so vinnig as moontlik. Die opening is 'n resies om vinnig en aaneenlopend te ontwikkel.
- Rokeer so gou as moontlik. Dit bring die Koning na veiligheid en bring die Toring in die spel.
- Moenie die Dame gou stoot nie – gewoonlik nie voordat die meeste ander stukke en veral die Ruiters en Lopers alreeds ontwikkel is nie.
- Ontwikkel die Ruiters voor die Lopers.
- Moenie 'n aanval loods voordat al die stukke ontwikkel is nie. Loods 'n gekombineerde aanval met soveel as moontlik stukke.
- Moet nooit enige onnodige pionstote maak nie, maak eers net genoeg stote om jou ander stukke te bevry (ongeveer twee pionstote). 'n Pion wat gestoot is, kan nooit weer terug gestoot word nie.
- Moet nooit 'n stuk in die opening twee keer stoot voordat jy nie al die stukke (behalwe die pionne) een keer gestoot het nie, anders verloor jy tyd en jou opponent ontwikkel vinniger as jy.
- Moet nooit stoot of afruil net omdat dit jou beurt is en jy nie weet wat om te stoot nie. Met elke stoot moet jy 'n plan hê. Dit is gewoonlik ook nie goed om gedurig jou

plan te wysig nie, want dit beteken net dat jy nie voorheen genoeg aandag aan jou plan gegee het nie.

- Oop lyne moet gebruik word, veral deur die Torings.
- Vermy onnodige skaak.
- Aanvaar dat jou opponent die korrekte skuiwe gaan kry, m.a.w. moet nie 'n onnodige set probeer stel vir jou opponent nie.
- Waar moontlik, stel 'n set wat iets van jou opponent regstreeks of onregstreeks bedreig en bou voort op jou planne.
- Moenie 'n stuk offer as jy nie seker is jy gaan die stuk terugkry of jy gaan jou opponent skaakmat.
- As jy 'n goeie stoot kry, moet hom nie maak nie, kyk of jy 'n beter een kry. As jy nie 'n beter stoot kry nie, maak seker of jou opponent nie iets dreig nie.
- Elke keer wat jou opponent stoot, wag en kyk wat dreig hy en wat beoog hy. Onthou, nie net jy speel nie, maar ook jou opponent.
- Moenie afruil as jy agter is met stukke nie. Ruil af as jy voor is met stukke.
- Moenie 'n senter pion verloor nie.
- Die drie Pionne voor die Koning, nadat gerokeer is, moet aanvanklik voor die Koning bly.
- Keer penne van die Ruiter op die Dame en Koning.
- Maak van tyd tot tyd 'n evaluasie, veral as die eindspel betree word.
- Speel die bord, nie die man nie. Moenie wanneer jy teen 'n swakker teenstander speel bogenoemde beginsels oorboord gooi nie.
- Ken die reëls van skaak.

10. <u>Hoe om 'n Skaakklub in 'n skool te organiseer</u>

10.1 <u>Behoefte aan Skaak</u>

Daar is oral 'n behoefte aan skaak. Namate meer leerders deelneem begin meer kinders belangstel, veral as sommige van die skool begin sukses behaal. Om bv. vir sy skool se A-span te speel, is klaar 'n groot prestasie. Indien 'n kind ook nog toekennings ontvang en selfs Limpopo kleure ontvang, ondervind so 'n leerder baie genot uit sy skaak.

10.2 <u>Kennisgewing en eerste aksies</u>

Wanneer 'n klub begin word asook aan die begin van elke jaar, moet behoorlik kennis gegee word en belangstelling geprikkel word. Die volgende metodes werk goed:

- Stuur omsendbrief deur die skool uit aan alle ouers.
- Kondig in die skool af wanneer en waar belangstellendes vergader.
- Reël 'n blits toernooi (Switserse stelsel) vir almal wat darem al kan speel ten einde 'n idee te kry van elke kind se speelsterkte. Hierdie volgorde is ook die volgorde van die eerste leër.

10.3 <u>Fondse benodig</u>

Geen klub kan sonder fondse funksioneer nie. Reël bv. verkopings gedurende pouses of by funksies. Betrek ouers hierby. Fondse is bv. nodig vir die volgende:

- Skaakstelle en borde moet aangekoop word. Probeer S.A. Chess Supplies, tel. 011-3942062 (Dinsdae tot Vrydae)
- ’n Skool moet soveel moontlik skaakhorlosies hê. Koop ten minste een om mee te begin.
- Indien verversings nodig is vir besoekende spanne, kan ’n paar spelers gevra word om ’n bordjie verversings en iets om te drink saam te bring. Die hoof kan ook gevra word om ’n bydrae te maak uit die skool fondse tot die skaakklub.

10.4 Toesighoudende hulp

Die getal deelnemers bepaal die behoefte aan die getal toesighouers. Minstens een en hopelik meer onderwysers kan betrek word. Buitestaanders vind dit heeltemal onmoontlik om doeltreffend te funksioneer as daar nie deur middel van een of meer onderwysers met die skool geskakel word nie.

10.5 Voortsetting

- Die beginners se afrigting word apart gedoen.
- Die met skaak-ervaring is nou reeds deur middel van die blits toernooi in ’n rangorde geplaas. Hierdie rangorde is definitief verkeer maar dit is ’n goeie begin.
- Uitdaagpelle is hierna absoluut noodsaaklik en kan soos volg gereël word:
  - ’n Speler kan tot 3 bokant hom uitdaag.
  - Die boonste speler het wit met die eerste spel.
  - Wen die boonste speler die eerste spel, het die uitdaging misluk.
  - Wen die uitdager die eerste spel, word ’n tweede spel gespeel met omgekeerde kleure. As die uitdager hierdie tweede spel wen of gelykop speel, het die uitdaging geslaag en die uitdager neem die plek van die boonste speler terwyl laasgenoemde een plek afskuif. As die uitdager egter die tweede spel verloor, bly hulle posisie onveranderd want dan het elkeen een punt gekry uit twee spelle en die uitdaging het dus misluk.
  - As die eerste uitdaagspel gelykop is moet daar ook ’n tweede spel gespeel word en die uitdager moet hierdie tweede spel wen om te slaag met sy uitdaging.
  - Op hierdie manier wysig die leer voortdurend en dit is wenslik dat die plekke in ligaspanne presies volgens die leer bepaal word – m.a.w. streng volgens die laaste aanduiding van die spelers se sterkte.
- Leerders kan nie net hul eie plekke probeer verbeter deur boontoe te daag nie, maar moet ook bereid wees om gedaag te word.

10.6 Nuwe spelers

As daar ’n nuwe speler bykom, laat hom iemand uitdaag teen wie hy na die mening van een van die sterk spelers wat hom getoet het, behoort te wen.

10.7 Afrigting

Skaak moet gespeel word en nogmaals gespeel word. Nogtans kan hulle soms vir jare speel nie verbeter nie, omdat hulle verloor en nie weet waarom, en ook wen en nie weet waarom. Daarom probeer ons om die groepe wat ons afrig nie te groot te maak nie, en ook naastenby van dieselfde sterkte.

Met afrigting begin ons by eindspel.

Capablanca het gesê dis 'n goeie plan en ondervinding het gewys dit werk. Hulle moet eers geleer word hoe om te mat, bv. net 'n Dame, of net 'n Toring, of wanneer 'n Pion kan promoveer en 'n Dame word, en wanneer nie. Hoe meer insig hulle in die eindspel toon, hoe gouer verbeter hul spel in die geheel.

**'n Paar wenke:**

- Skaakspel bestaan uit 3 dele.
- Opening, middelspel en eindsel – hulle is nie afgebaken, maar vloei in mekaar in.
- Die opening is slegs vir uitbring van stukke. (Beginners bring graag 1 of 2 stukke uit en val aan, met swak gevolge.)
- Die middelspel is vir die verkryging van 'n voordeel.
- Die eindspel is om die voordeel in 'n wen te omskep.
- Foute (blunders) is die algemeenste probleem.
- Een metode is om 'n stoot op te skryf, en daarna weer te kyk voordat gestoot word.

10.8 'n Paar reëls

'n Paar algemene reëls wat mens in gedagte kan hou is die volgende:

- Speel altyd vir die middel van die bord.
- Ontwikkel stukke so vinnig as moontlik.
- Rokeer so gou as moontlik.
- Moenie die Dame gou stoot nie – gewoonlik nie voordat die meeste ander stukke reeds ontwikkel is nie.
- Moenie 'n aanval loods voordat daar behoorlik ontwikkel is nie.
- Moenie onnodige pionstote of ander onnodige stote maak nie.
- Oop lyne moet gebruik word en die goeie blokke in die sentrum moet beset word.
- 'n Mens stoot nooit net omdat dit jou beurt is nie. Met elke stoot moet 'n mens 'n plan hê. Dit is gewoonlik ook nie goed om gedurig jou plan te wysig nie, want dit beteken net dat jy nie voorheen genoeg aandag aan jou plan gegee het nie.
- Kyk goed voor jy stoot en moenie aan 'n stuk raak voordat jy 100% seker is presies watter stoot jy met daardie stuk wil maak nie.
- Die reëls (waarvan die belangrikste later behandel word) moet geleer word.

10.9 Aanbevole boeke

Daar is baie skaakboeke. Hier volg 'n paar wat ek baie nuttig vind.

- Vorder met skaak deur Klaus Lindôrfer.
- Chess for Beginners by H Meilech.

- Strategy in the Chess Endgame by Fred Reinfield.
- Chess made Easy by Milton L Hanauer.
- The Chess Teacher by Alan Philips.
- The Art of a Chess Combination by Eugene Znoshkoborovsky.
- The Art of the Middle Game by Paul Kere sand Alexander Kotov.
- Daar is baie boeke met spelle van goeie spelers daarin. Dit leer mens byboorbeeld hoe ander reeds gespeel het.
- Daar is baie boeke oor openinge. Ek vind dat mens nie soveel as moontlik openinge moet probeer ken nie, maar jy behoort te sorg dat jy die paar wat jy speel behoorlik moet probeer ken en verstaan.

10.10 <u>Oefening</u>

In niks vorder 'n mens as jy nie oefen nie. Dink bv. daaraan hoe 'n baba sukkel om te loop en hoedat loop naderhand heeltemal outomaties plaasvind. Selfs die aanleer van 'n vreemde taal is 'n voorbeeld. Dink aan Atletiek of Rugby. Vir skaak geld presies dieselfde. Mens moet speel en speel en speel. Eers verloor jy aanhoudend maar later kom daar darem so nou en dan ook 'n wen na jou kant toe.

**<u>Onthou:</u>** Almal het so begin speel. Hou net aan want die genot wat skaak aan 'n mens verskaf, soms wanneer jy om een of ander rede nie meer baie liggaamlik dinge soos Rugby kan speel nie, is werklik onbeskryflik wonderlik.

11. <u>Afsluiting</u>

Daar is geen rede waarom 'n skool nie net so trots sal wees op hul skaakspeler wat presteer as op ander uitblinkers op Akademiese, Kulturele of Sport-gebied nie.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

Beheerliggaamvoorsitter

Hoof: Laerskool Krugerpark